HEFFING

RPO DEUR VRYWILLIGE BYDRAE GEFINANSIER, SÊ VRYSTAATSE LEIER

DAAR is nog heelwat verwarring onder produsente en agente oor die finansiering van die rooivleisbedryf, het mnr. Neels de Villiers, voorsitter van die Vrystaatse Rooivleisprodusente-organisasie (RPO), op dié organisasie se kongres gesê.

Die RPO tree namens die rooivleisprodusente as diensverskaffer op en mag volgens die Nasionale Bemarkingswet geen geld uit die statutêre heffing ontvang nie.

Volgens De Villiers is die statutêre heffing ingestel vir onder meer verbruikersopvoeding, kommunikasie, produsente-ontwikkeling, bedryfs- en internasionale skakeling en transformasie in die ontwikkelende sektor.

Die RPO word deur middel van 'n vrywillige bydrae van 0,15% by die eerste punt van verhandeling gefinansier om 'n mondstuk vir die totale bedryf te wees en te verseker dat 'n beter diens werklik gelewer word, het hy gesê.

VLEISPRYSE

Die afgelope jaar is gekenmerk deur swak verspreiding van reënval wat groot skade in dele van saaigebiede in die kritieke stadium van produksie veroorsaak het. Weiveld het ook in die beste groeityd, naamlik Januarie en Februarie, ondergemiddelde reën ontvang met uitermatig hoë temperature, het De Villiers gesê.

Hy het gesê vleispryse het op 'n jaargrondslag tot einde April vanjaar hoofsaaklik toegeneem.

Die produsenteprys van klas A2-beesvleis het met 0,2% gestyg van R34,48/kg tot R34,55 per kg, terwyl die prys van klas B2-beesvleis van R27,40/kg tot R28,71/kg gestyg het – 'n styging van 4,6%.

In die geval van klas C2-beesvleis het die prys met 9,3% (van R23,35/kg tot R25,73 per kg) gestyg.

Die prys van speenkalwers het met 12,2% gestyg – van R17,49 per kg tot R19,93/kg.

Die produsenteprys van klas A2-lam het van R47,65/kg tot R53,68/kg gestyg (11,2%), terwyl die produsenteprys van klas B2 met 17% gestyg het vanaf R32,90/kg tot R39,61/kg. Die grootste styging was in die geval van klas C2 wat met 20% gestyg het van R31,16/kg tot R38,97 per kg.

BELEID

Forum bepleit groter inspraak in beleidsformulering

DIE RPO meen dit is belangrik dat die dieregesondheidsforum betrokke sal wees by die afhandeling van die nasionale veterinêre strategie, want dit sal die vleisbedryf die geleentheid bied om 'n sê te hê oor die manier waarmee daar met veterinêre dienste omgegaan word. Dít was een van die sake wat op die dieregesondheidsforum se jongste vergadering in die soeklig geplaas is.

Volgens 'n verteenwoordiger van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye word daar na die dieresiektebestuursplan verwys as die veterinêre strategie. Dit volg nadat die openbare veterinêre verslag (PVS) dit moontlik gemaak het om behoeftes vir 'n wyer netwerk van veterinêre dienste te identifiseer. Die strategie is beïnvloed deur 'n aantal nuwe ontwikkelinge wat onder onderwerpe, soos veiligheid, rykdom, welsyn, beleid oor die uitroei van siektes, bewerkingskontrole en laboratoriums, na vore gekom het. Die strategie behoort teen Julie vanjaar gereed te wees.

Dit sal die eerste veterinêre strategie wees wat in Suid-Afrika onderneem word. Dus is dit belangrik dat die proses so deeglik moontlik verloop om te verseker dat elke tersaaklike onderwerp hanteer word. Die hoofrede vir die strategie is om seker te maak dat dit aan die Departement van Gesondheid se regulasies voldoen.

Drie konsultasie-werksessies sal in Gauteng, die Vrystaat en die Wes-Kaap aangebied word om strategie te bespreek. Die eerste werksessie van vyf dae sal in Gauteng aangebied word. Op die eerste dag sal die klem op dieregesondheid val, insluitend siektebestryding en vennootskappe tussen die openbare en private sektor, terwyl daar op die laaste dag na diere-identifikasie en bewegingsbeheer gekyk sal word.

Die tweede werksessie sal oor drie dae in die Vrystaat aangebied word, terwyl die derde werksessie in die Wes-Kaap aangebied sal word.

Die bekendstelling van 'n stelsel vir die insameling van statistieke oor diere en 'n stelsel om inligting oor bewegingsbeheer in te samel, sal ingesluit word by die veterinêre strategie. Die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye sal met die bedryf saamwerk om 'n eenvormige stelsel daar te stel om data te versamel. 'n Stelsel is nodig wat voorsiening maak vir die verskillende behoeftes sover dit dieregesondheid en produksie betref.

DIENSPLIG

Gemeenskapsdienste vir afgestudeerde veeartsstudente

REGULASIES vir die inwerkingstelling van 'n gemeenskapsdiensjaar vir afgestudeerde veeartsstudente is voltooi en wetgewing sal bekend gemaak word sodra die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging die reëls saamgestel het. Die Dieregesondheidsforum is tevrede met die proses. Die jong veeartse is opgewonde oor die gemeenskapsdiens en sal aan 'n wyer spektrum van kundigheid blootgestel word. Die probleme met die implementering van die stelsel behoort betyds opgelos te word.

BEK-EN-KLOU

REGERING WAG OP OIE SE TERUGVOERING

DIE internasionale organisasie vir dieregesondheid (OIE) het versoek dat die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye twee verslae beskikbaar stel oor Suid-Afrika se herstelde status as vry van bek-en-klouseer. Die eerste verslag is in April verlede jaar ingedien en die tweede in September verlede jaar. Die departement wag nog op terugvoering oor die verslae. Probleme word steeds in Limpopo ondervind met die beweging van vee deur die grens met Zimbabwe. Beskadigde heinings is 'n probleem, maar die menslike faktor is die grootste bekommernis in dié gebiede. Die forum meen die situasie ten opsigte van bek-en-klouseer het verbeter. Die departement werk hard om individuele identifikasiestelsels in te stel.

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY **012 349 1102**.
E-POS: **rpo@lantic.net**. WEBWERF: **www.rpo.co.za**.